

Baviaanskloof

—deur Lourieke Haller

Ek het 'n sagte plekkie vir die Baviaanskloof en veral Cambria, wat onder die plaaslike mense as "Die Kas" bekend staan omdat dit diep weggesteek lê en omring is deur berge. Die Baviaanskloof (of sommer net Die Kloof, soos die inwoners dit noem) is 12 km wes van Port Elizabeth.

Die kloof tussen Patensie en Willowmore is 'n magiese plek met die grootste, soetste uitvoerlemoene, waar 'n krans van spoelklippe die profiel van ou koningin Victoria na-aap en waar koel, rotsagtige klowe met broodbome jou verras in die andersins dorre wêreld.

Hier het ek en Kas, my skoolvriendin, van mosbeskilderde klip tot klip tot bo in die koel kloof gespring, deur koffiebruin poele geswem en uiteindelik op 'n warm klipplaat uitgestrek en in die sonnetjie gebak terwyl die sonbesies die hitte van die dag in klank omskep.

Ek glo tot vandag toe dat niks kan kers vashou by die weergalmende stilte wanneer jy op jou rug in die Grootrivier dryf en opkyk na die rotsplouie wat hulleself terugvou in die rooi sandsteenkrans van die berge wat bo jou uittoring nie.

Wêrelderfenisgebied

Die Grootrivier kerf deur die majestueuse berge in die Baviaanswildernis en 'n grondpad kronkel ewe gemoedelik mee om voer-

tuie toegang tot dié Wêrelderfenisgebied te verleen. Wanneer jy Patensie agterlaat – die laaste dorpie voor jy die wildernisgebied betree – doem die Hanekam voor jou op, vyf pieke van die Baviaanskloofberge wat soos 'n haan se kam lyk.

Die pad kronkel verby Komdomo, 'n provinsiale natuurreservaat, verby die Grootrivierpoort en deur die Cambria-plaasgemeenskap en kruis die Witrivier, 'n tak van die Grootrivier, 12 keer om by die Poortjies uit te kom. Hierdie poort met die oorblyfsels van die inheemse Knysnabos, geelhoutbome en oumansbaard is die ingang tot die ware wildernisgebied waar daar nog luiperds aangetref word.

Die Baviaanskloof is die tuiste van sewe van Suid-Afrika se agt biome.

Onherbergsaam met dramatiese vistas

Van hier af word die kloof af hoe onherbergsamer en is 'n vierwielangedrewe voertuig die aangewese vervoer. Die steil en nou Combrinkpas met sy haarnaalddraaie en duiselingwekkende afgronde is beslis nie vir dié met hoogtevrees nie, maar jy word uiteindelik beloon met dramatiese vistas. Bo aangekom bied die Bergplaasplato jou 'n panoramiese uitsig oor drie bergreekse. Talle wandelroetes in die Bergplaaswildernisgebied begin hier.

Van hier af reis jy met Holgatpas na benede, die berghange oordek met spekbome, aalwyne, valleibosveldeuforbia en fynbos.

Die Doodsklip-wilderniskampterrein aan die einde van die pas was oorspronklik Lemoentuin, maar het in die volksmond na Doodsklip verander nadat mense volgens oorlewering onder vreemde omstandighede by die terrein dood is. Die Rooihoek-wilderniskamp is 5 km van Doodsklip en het 'n pragtige natuurlike rotspoel.

Die "ware" Baviaanskloof

Van hier af ry 'n mens deur die "ware" Baviaanskloof, soos sommige dit noem, met dramatiese rotsformasies: Grasnekpas, Kleinpoort, Rietrivier en die Nuwekloofpas wat die amptelike ingang tot die Baviaanskloof van die weste af is.

Wat kan jy hier doen?

Die Baviaanskloof is die tuiste van sewe van Suid-Afrika se agt biome en deel van die Kaapse Blommeryk. Aktiwiteite in hierdie natuurgebied sluit in kampering, voëlkyk, staproetes, Baviaans-Kouga 4x4 roetes, bergfietsroetes, kanovaart, trekker- en sleepwarritte, wildkyk, visvang, swem, ghoof of dagritte in die Baviaanskloof.

Of jy jou boswaentjie aan jou vierwieler wil haak en die onherbersamer dele wil gaan verken en of jy net vir 'n daguitstappie wil gaan, die Baviaanskloof se natuurskoon en verskeidenheid bied iets vir elkeen wat vir 'n rukkie van die gewoel van die stad wil ontsnap. ■



Geweënde Kerwfees

van die Bush Lapa-span

Laat Bush Lapa jou uit die veld slaan. Dit is die vernuftige veldkaravaan vir die avonturier wat nie op uitgetrapte paadjies reis nie, maar steeds van moeitevrye gerief hou.

*experience
His beauty*

**LIG • MAKLIK OM OP TE SLAAN
• TAAI • ROESWEREND
• DUURSAAM • PRAKTIES**

Loer gerus op ons webtuiste vir 'n handelaar in jou omgewing
www.bushlapa.com

Bush Lapa®
offroad caravans

www.bushlapa.com